DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**26 Junie 2022**


Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Korintiërs 1: 1 - 14 |
| **Tema** | Die Here loop langs my die toekoms in. |
| **Sang** | Psalm 100: 1, 3, 4<br>Psalm 90: 9<br>Psalm 89: 6, 11<br>Psalm 31: 3, 4<br>Psalm 144: 1, 5, 6 |

Gebeure in ons lewe kan ons laat voel dat die swaar wat ek moet verduur ver bo my kragte uitgaan. Is jy op vandag op moedverloor se vlakte? Saam met sy reisgenote beleef Paulus baie spanning en konflik in Korinte. Omstandighede vra bemoediging. Daar is baie probleme in en rondom die gemeente. Daar is 'n oorvloed van lyding. Hulle kom in beproewing. Die swaar wat hulle moes verduur het ver bo hulle kragte uitgegaan. Dit voel of die doodsvonnis klaar oor hul uitgespreek is.

Die Griekse woord vir bemoediging is paraklesis – dit beteken om saam met iemand te loop, om ondersteuning te bied. Jesus noem die Heilige Gees die Parakleet – die Trooster wat ons bystaan. Daarom kan ek in elke omstandigheid weet dat die Trooster saam met my is. Gebeure in ons lewe kan ons laat voel dat die swaar wat ek moet verduur ver bo my kragte uitgaan.

Te midde van ’n geestelike laagtepunt in my lewe kom daar weer hoop. As daar maar net iemand is wat kan luister en verstaan! Daar is. Niemand anders as God, die Vader van ons Here Jesus Christus! Daar is geen beter troos as ’n Vader wat hom oor ’n kind ontferm nie. Onmiddellik is Paulus in God se teenwoordigheid en beleef hy die Here se nabyheid. Daar is geen nouer band as die tussen ‘n Vader en sy kind nie. Op grond hiervan ontvang Paulus nog meer troos deurdat die verlossingswerk van Jesus Christus ons verseker dat God die dooies opwek tot die lewe.

Eers nadat Paulus besef dat hy aan God vasgemaak is, ontvang hy ’n nuwe perspektief. Ons kan vandag aanpak deur te begin met ons lyding, tekorte en ontberinge. Of ons kan vir ’n oomblik stilstaan en begin om aan God die lof te bring. Hy is my Vader. Hy het my van die dood gered. Hy het Paulus van so ’n groot doodsgevaar gered. Paulus skep soveel moed dat hy seker is dat die Here hul weer sal red.

My omstandighede mag dalk nie dadelik verander nie. Dit kan selfs nog moeiliker word. Maar dan bevestig die Heilige Gees deur hierdie woorde vir ons: Ek loop langs jou. Ek hou jou vas. Kyk deur God se oë na jou situasie. Ek moet Hom alleen vertrou. Ons moet ons hoop op hom vestig. Hy red ons deur ons oë op te tel en op die ewige lewe te vestig. Die Heilige Gees roep ons deur Paulus op om vir mekaar te bid en mekaar te bemoedig. Baie sal die Here vir ons dank. Maak ’n verskil waar jy vandag leef deur aan te hou om op God te vertrou en langs mekaar te bly loop.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons innige simpatie met Ansie en Arzelle Venter wie se ma en oumagrootjie verlede Sondag oorlede is. Ons bid julle die troos van die Here toe in hierdie tyd. Die begrafnis is Saterdag om 10:00 uit ons kerkgebou.
* Ons innige simpatie en meelewing met Gavin Nel wie se moeder oorlede is. Mag julle gesin en familie die troos van ons Hemelse Vader ervaar. Baie geluk met Gavin (jr) wat pa geword het.
* Ons bid vir Evelyn Vorster wat in ICU opgeneem is nadat sy varkgriep opgedoen het.
* Theuns Botha gaan weer Maandag vir chemoterapie na Pretoria. Ons bid hom verdere genesing toe met die siekte.
* Ons is dankbaar dat Pietra vd Walt se krag stadig maar seker meer word. Ons bede is dat die Here vir jou en Hannes elke dag sal vashou en sal dra.
* Ons is dankbaar dat Philip Snyman sterker word. Ons bid vir hom en Estelle die seën van die Here toe.
* Baie dankie vir die meelewing van die gemeente met Tialeen se gesondheid. Sy bloei steeds inwendig. Ons is dankbaar dat daar vordering en beterskap is. Dankie ook aan die Kerkraad vir deernis en die liefdevolle versorging wat ons ontvang. Ons waardeer dit baie.
* Ons bede is dat ons ouers, kinders en onderwysers die ruskans sal geniet en heerlik sal ontspan. Ons wens almal wat weggaan 'n veilige rit toe.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 26 JUNIE

**Diensbeurt: D5 Platinum Park**

**Ouderling: Kudu Pretorius**

**Katkisasie: GEEN**

**Diaken: Shawn Koekemoer**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



***26 Junie***

**Estelle Adams**
**Antonette Albertyn**
**Colette Albertyn**
**Annemarie Bakker**
**Elize Boshoff**

***3 Julie***

**Annatjie Botha**
**Kobie Botha**
**Natania Carstens**
**Rioni Combrink**
**Betsie De Witt**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat daar geen ***Bybelstudie*** sal wees nie.

Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 26 Jun | Alwina Beyeneveldt | 28 | B | 076 841 3570 |
| Ma 27 Jun | San-Mari Coetsee-van Wyk<br>Marileen de Witt | 32<br>20 | B<br>B | 083 627 2726<br>081 480 1905 |
| Di 28 un | Hilda Hattingh | 63 | B | 072 921 8060 |
| Vr 1 Jul | Annamart Coetzee | 62 | B | 083 626 3900 |
| Sa 2 Jul | Gideon de Klerk | 61 | B | 082 805 8947 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Ek stel my vertroue in die Here,*
*ek vertrou op Hom, ek wag op die*
*vervulling van sy woord.*
*Ek wag op die Here*
*meer as wat die wagte op die*
*môre wag, wagte op die môre.*

*Psalm 130: 5 & 6*

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***
**Stephan Coetzee**

**Diakens:**
**Piet Kruger, Jan Albert Coetzee en Willem v Wyk.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.




# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!

# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

**... JOH. 15:9-17...**
**9 "Soos die Vader My liefhet, het Ek**
**julle ook lief. Julle moet in my liefde**
**bly. 10 As julle my opdragte uitvoer, sal**
**julle in my liefde bly, net soos Ek die**
**opdragte van my Vader uitvoer en in sy**
**liefde bly".**
**11 "Dit sê Ek vir julle sodat my**
**blydskap in julle kan wees en julle**
**blydskap volkome kan wees."**



**... JOH. 15:9-17...**
**12 "Dit is my opdrag: Julle moet**
**mekaar liefhê soos Ek julle liefhet".**

**16 "Julle het My nie uitgekies nie,**
**maar Ek het julle uitgekies en julle**
**aangestel om uit te gaan en vrugte te**
**dra, vrugte wat sal hou. So sal die**
**Vader aan julle gee wat julle ook al in**
**my Naam vra".**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**Here my Almagtige God en Vader ek bid in die Naam van Jesus Christus dat ek die volle vrug van die Gees navore mag bring van; liefde, vreugde,vrede,geduld,vriendelikheid, getrouheid,nederigheid en selfbeheersing.**

**Gee Here dat U vir my die woorde in die mond lê wanneer ek met mense ontmoet.**



**‘n Paar praktiese wenke;**
**Onthou, groet en seën die mense wat op jou pad kom.**

**Hou ‘n sakkie appels of lemoene in die kar en deel dit uit i.p.v. geld.**

**Is daar iemand wie jy kan skakel en hoor hoe dit gaan.**

**Glimlag vriendelik.**

**Wees geduldig in die verkeer en gee voorrang, groete en gee ‘n glimlag.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | <br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee.*

*2 Korintiërs 1: 3*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS